**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**SPRAAK EN DRAMA HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord DRIE vrae uit Afdeling A.
  - Elke antwoord moet na ? ander voorgeskrewe teks verwys.
  - Antwoorde is gelyk in waarde: 50 punte elk.
- Beantwoord AL die vrae in Afdelings B en C.

AFDELING A
**TEKSTE EN TEATERGESKIEDENIS**

Hierdie afdeling is op die volgende gebaseer:

- ? Absurde teks
- ? Brechtiaanse teks
- ? Suid-Afrikaanse teks
- ? Eiekeuse-teks

**Beantwoord DRIE vrae in hierdie afdeling.**

Let daarop dat elke antwoord na ? ander voorgeskrewe teks moet verwys.
Die antwoorde is gelyk in waarde: 50 punte elk (3x50=150)

**VRAAG 1**
**ABSURDE TEATER**

**"Verhoogbeligting is een van Beckett se kragtigste instrumente waarmee hy kosmiese ruimtes skep. Vreemde hoeke en ander soorte asimmetrie lewer ? bydrae tot die ontstellende indruk van bestaan vanuit ? onaardse, maar tog vreemd herkenbare ruimte."**

Skryf ? opstel met verwysing na die Absurde teks wat jy vanjaar bestudeer het om aan te toon dat die dramaturg nie net ? unieke interpretasie van die konteks in sy hantering van ruimte weerspieël nie, maar ook in die manier waarop hy AL die ander dramatiese elemente hanteer. **[50]**

## VRAAG 2
## BRECHTIAANSE TEATER

**"Brecht gebruik sy vervreemdingstegnieke om empatie te verbreek – empatie as die staat waarin ? mens jouself inleef in die emosies van die teatermatige geleentheid."**

Skryf ? opstel met verwysing na die Brechtiaanse teks wat jy vanjaar bestudeer het om te verduidelik hoe Brecht ? vervreemdingseffek bewerkstellig het met sy unieke wyse waarop hy AL die dramatiese beginsels hanteer het. **[50]**

## VRAAG 3
## SUID-AFRIKAANSE TEATER

Skryf ? opstel met verwysing na die Suid-Afrikaanse teks wat jy vir hierdie eksamen voorberei het om aan te toon dat ? gewaarwording van die heersende sosio-politieke situasie neerslag gevind het in die hantering van al die dramatiese elemente **?** struktuur, karakterisering, dialoog, temas en ruimte. **[50]**

## VRAAG 4
## EIE KEUSE

Skryf ? opstel met verwysing na die eiekeuse-teks wat jy vanjaar bestudeer het. Gee aandag aan die manier waarop die toneelstuk die fiktiewe wêreld wat die dramaturg in die toneelstuk skep, koppel aan die sosio-politieke gebeure wat in die wêreld gebeur het toe die teks vir die eerste keer opgevoer is. Dui aan hoe dit gereflekteer word in die manier waarop die dramaturg die dramatiese elemente gebruik. **[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [150]**

AFDELING B
## SPRAAK

**Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling**.

## VRAAG 5

Gee ? volledige beskrywing van die manier waarop jy die verskillende resonators gebruik het om die verlangde resonansie te verkry en verduidelik, met verwysing na voorbeelde in die teks uit een of meer van die tekste wat jy vir die praktiese eksamen voorberei het, hoe verbeterde resonansie tot jou vokale kwaliteit, projeksie en karakterisering bygedra het. **[20]**

**VRAAG 6**

Jy is gevra om die stemopwarming-sessie vir die Graad 12-dramaklas te lei. Noem en motiveer minstens DRIE oefeninge waarvan jy gebruik sal maak. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

AFDELING C
**KREATIEWE VERTOLKING**

**VRAAG 7**

Bespreek die stappe wat jy sal doen om reklame te maak vir ? produksie van EEN van die tekste wat jy vir hierdie eksamen voorberei het. **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**